*Historical and Architectural Interest*

This property was granted to Jacob de Bruin in 1818 and the main building also dates from this period. It is T-shaped with an enormously long front wing because part of the outbuildings links up with the house.

II

Government Notice 251 of 26 February 1971, description (f), is hereby withdrawn.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Hierdie eiendom is in 1818 aan Jacob de Bruin toegeken en die hoofgebou dateer ook uit hierdie tydperk. Dit is T-vormig met 'n geweldig lang voorvleuel omdat 'n gedeelte van die buitegeboue by die huis aansluit.

II

Goewermentskennisgewing 251 van 26 Februarie 1971, beskrywing (f), word hierby ingetrek.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1834 15 October 1971

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

I

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the main building and barn on the farm Wolwefontein, Division of Tulbagh, to be a national monument.

*Description*

The main building and barn on the farm Wolwefontein, situated on a certain piece of land, in the Division of Tulbagh, being the remaining extent of the farm Wolwefontein (now known as the remainder of the farm Wolwefontein 176), measuring 851,340 6 morgen and held under Deed of Transfer 213/1958, dated 14 January 1958.

*Historical and Architectural Interest*

This homestead in the typical Cape-Dutch style was probably erected early in the Nineteenth Century. Characteristic of this house is the H-shaped style with a narrow opening between the main wings and a narrow overhanging roof. Around the house there are also several half-hipped gables. The barn adjacent to the main building forms an architecturally integrated part of the homestead.

II

Government Notice 251 of 26 February 1971, description (d), is hereby withdrawn.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1834 15 Oktober 1971

## VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

I

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die hoofgebou en skuur op die plaas Wolwefontein, afdeling Tulbagh, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die hoofgebou en skuur op die plaas Wolwefontein, geleë op 'n sekere stuk grond in die afdeling Tulbagh, synde die resterende gedeelte van die plaas Wolwefontein (nou bekend as die restant van die plaas Wolwefontein 176), groot 851,340 6 morg en gehou kragtens Transportakter 213/1958, gedateer 14 Januarie 1958.

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Hierdie woonhuis in die tipiese Kaaps-Hollandse styl is waarskynlik vroeg in die negentiende eeu opgerig. Kenmerkend is die H-vormige styl met 'n nou opening tussen die hoofvleuels en 'n nou oorstekende dak. Rondom die huis is ook verskeie halfwolfentgewels. Die skuur wat aan die hoofgebou grens, vorm 'n argitektoniese geïntegreerde deel van die woning.

II

Goewermentskennisgewing 251 van 26 Februarie 1971, beskrywing (d), word hierby ingetrek.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1835 15 October 1971

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the property known as 158 Dorp Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The property with the building thereon, being—

(a) certain erf, situate in Dorp Street, in the Municipality and Division of Stellenbosch (now known as Erf 1322, Stellenbosch), measuring 4 square roods 117 square feet; and

(b) certain piece of freehold land, situate as above, at the corner of Andringa and Dorp Streets (now known as Erf 1318, Stellenbosch), measuring 20 square roods 57 square feet;

both held under Deed of Transfer 13220/1945, dated 28 September 1945.

No. 1835 15 Oktober 1971

## VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom bekend as Dorpstraat 158, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die gebou daarop, synde—

(a) sekere erf, geleë in Dorpstraat, in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch (nou bekend as Erf 1322, Stellenbosch), groot 4 vierkante roede 117 vierkante voet; en

(b) sekere stuk eiendomsgrond, geleë soos hierbo, op die hoek van Andringa- en Dorpstraat (nou bekend as Erf 1318, Stellenbosch), groot 20 vierkante roede 57 vierkante voet;

beide gehou kragtens Transportakte 13220/1945, gedateer 28 September 1945.

*Historical and Architectural Interest*

This property was originally part of a farm which was promised in 1683 to Harmen Janszoon (Potgieter), of which this portion in turn became the property of the Church Council of Stellenbosch in 1753. On this erf, which served as a garden for the new personage, a building had already then been erected which was used by the Rev. Meent Borcherds as a cow-shed. The present house is architecturally particularly interesting and forms an important part of the image of Dorp Street, in Stellenbosch.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1836 15 October 1971

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

I

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the homestead and barn on the farm Schoonderzicht, Division of Tulbagh, to be a national monument.

*Description*

The homestead and barn on the farm Schconderzicht consisting of—

(a) certain piece of freehold land situate in the Division of Tulbagh, called Schoonderzigt now described as Farm 185), measuring two morgen 450 square roods and held under Deed of Transfer 29429/1968, dated 13 December 1968 (par. 1);

(b) certain piece of abolished quitrent land situate as above, called Schoonderzigt surrounding freehold land (now described as Farm 184), measuring 22 morgen 67 square roods and held under Dead of Transfer 29429/1968, dated 13 December 1968 (par. 2); and

(c) certain piece of abolished quitrent land, situate as above, being Portion 3 (a portion of Portion 1) of the farm Witzenberg [now described as Portion 3 (a portion of Portion 1) Witzenberg 182], measuring 17 morgen 198 square roods, held under Deed of Transfer 29429/1968, dated 13 December 1968 (par. 3).

*Historical and Architectural Interest*

The farm Schoonderzicht was originally granted to P. J. Theron in 1796 although the main gable of the homestead bears the date 1795. A striking feature of the homestead is its concavo-convex ("holbol") gable with fine decorations.

The house was built in the shape of a T with three gables, and much of its original woodwork and other materials are still intact. Historically and architecturally, the adjacent barn is an integral part of the complex.

II

Government Notice 251 of 26 February 1971, description (c), is hereby withdrawn.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1837 15 October 1971

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

I

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Hierdie eiendom was oorspronklik deel van 'n plaas wat in 1683 aan Harmen Janszoon (Potgieter) beloof is, waarvan hierdie gedeelte in 1753 weer in besit van die Stellenbosse Kerkraad gekom het. Op hierdie erf wat as tuin vir die nuwe pastorie gedien het, was toe reeds 'n gebou opgerig wat deur ds. Meent Borcherds as koeistal gebruik is. Die huidige huis is argitektonies besonder interessant en vorm 'n belangrike element in die straatbeeld van Dorpstraat in Stellenbosch.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1836 15 Oktober 1971

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

I

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die woonhuis en skuur op die plaas Schoonderzicht, afdeling Tulbagh, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die woonhuis en skuur op die plaas Schoonderzicht bestaande uit—

(a) 'n sekere stuk eiendomsgrond geleë in die afdeling Tulbagh, genoem Schoonderzigt (nou beskrywe as Plaas 185), groot twee morg 450 vierkante roede en gehou kragtens Transportakte 29429/1968 gedateer 13 Desember 1968 (par. 1);

(b) 'n sekere stuk afgeskafte erfpaggrond geleë soos hierbo genoem Schoonderzigt-omliggende eiendomsgrond (nou beskrywe as Plaas 184), groot 22 morg 67 vierkante roede en gehou kragtens Transportakte 29429/1968 gedateer 13 Desember 1968 (par. 2); en

(c) 'n sekere stuk afgeskafte erfpaggrond, geleë soos bo, synde Gedeelte 3 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Witzenberg [nou beskrywe as Gedeelte 3 ('n gedeelte van Gedeelte 1) Witzenberg 182], groot 17 morg 198 vierkante roede en gehou kragtens Transportakte 29429/1968 gedateer 13 Desember 1968 (par. 3).

*Historiese en Argitektoniese Belang*

Die plaas Schoonderzicht is oorspronklik in 1796 aan P. J. Theron toegeken alhoewel die hoofgewel van die woonhuis die jaartal 1795 dra. 'n Treffende kenmerk van die woning is sy holbolgewel met mooi versierings daarop.

Die huis is T-vormig, met drie gewels, en besit nog baie van die oorspronklike houtwerk en ander materiale. Die aangrensende skuur is histories en argitektonies 'n integrerende deel van die kompleks.

II

Goewermentskennisgewing 251 van 26 Februarie 1971, beskrywing (c), word hierby ingetrek.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1837 15 Oktober 1971

VERKLARING VAN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

I

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy,